

# Saad

Wil julle saad hê?

*Jes. 58:6.... Ek verkies ...dat julle losmaak die bande van boosheid, dat julle die stroppe van die juk afhaal en vry laat wegggaan die verdruktes (vry deur YAHUSHA Bloed) en elke juk stukkend breek. :7 .... dat jy jou brood breek vir hom wat honger het [skenk gees en vleeslik] en ellendiges, swerwelingen in die huis inbring... [die een wat dwaal tussen die gelowe]. As jy iemand sien wat naak is, [gees en vleeslik] dat jy hom klee, en....jou eie vlees nie verberg nie [moet nooit vernederd voel as jy help nie]. :8 Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die lofwaardigheid van YAH jou agterhoede wees. :9 Dan sal jy roep, en YAH sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is EK! As jy van jou verwyder die verdrukking, die uitsteek van die vinger en die leuenagtige woord, :10 en jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig; dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos die middag. :11 En YAH sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie. :12 En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fundamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. :13 As jy jou voet terughou van die Shabbat—om nie jou sake op MY reïne dag te doen nie, en as jy die Shabbat 'n verlustiging noem en die reïne dag van YAH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; :14 dan sal jy jou verlustig in YAH, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YAH het dit gespreek.*

*Luk. 6:38 Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.*

As ek jou vra of jy saad of geld wil hê om te leen, wat sal jou antwoord wees? Gee ek jou drieduisend rand, gaan dit vir jou genoeg wees om van te lewe vir drie maande? Moontlik, maar na drie maande is die geld op en jy gaan weer wil hê! Hoe gaan jy my nou terugbetaal? Gee ek vir jou drieduisend rand se saad en jy maak 'n plan om by iemand in te trek vir drie maande en jy gaan saai die saad dadelik. Na drie maande kry jy honderdvoudig terug wat jy gesaai het en nou kan jy my drieduisend rand teruggee en so ook die een wat jy by geloseer het. Jy het nie meer nodig om terug te kom vir nog saad nie, want jy het nog 'n groot oorskot.

As ‘n man ryk is, dan is sy gesin veronderstel om saam met hom ryk te wees, dan nie? YAH ons SKEPPER sê: *Hag 2:8 Aan MY behoort die silwer en aan MY die goud, spreek YAH van die leërskaar. Joh. 16:15 Alles wat die VADER het, is MYNE; daarom het Ek gesê dat HY dit sal neem uit wat aan MY behoort, en aan julle verkondig.*

Duidelik staan dit dat alle goud en silwer ens., aan ons VADER en SY SEUN behoort. YAHUSHA die SEUN van VADER het duidelik gesê dat ons ook seuns is van VADER. Nou kom die vrae willekeurig op, maar hoekom sukkel ek so? Hoekom het ek my huis, my kar, my plaas, ens. verloor? Kyk net hoe lekker leef die skelm en die moordenaar! Wat en waar maak ek fout?

Daar is die twee demensies wat ons ken, maar nie respekteer nie [*gees en vleeslike*]. Ons minag dit en lewe maar net in ‘n alledaagse. Ons aanvaar dat dit maar net so moet wees. Ons leef mos maar net tot op daardie dag [*tydperk*] wat dinge lelik skeefloop; alles breek op die plaas, die droogte het jou op jou knieë, die bank rentekoers breek jou, ens.

Wat staan dit ons te doen as die uitverkore kind van VADER ?  
Eerstens: “Respek”. Alles wat jy respek aan toon sal na jou toe kom [*respekteer die lewe rondom jou; jou gesondheid, jou sintuie, jou menswees, jou vrou en kinders, jou werkgewer, jou werk en jou besigheid*].

Alles wat jy nie respek toon om jou nie, sal van jou af weggaan [*vlug*]. [*As jou vrou jou nie respekteer as die heerser in die huisgesin nie, is skei die voorland. As jou werker jou nie respekteer as heerser nie kom daar konflik. As jou besigheid nie jou respek ontvang nie gaan dit ten gronde*].

Tweedens: “Liefde”. As jy liefde betoon, ontvang jy respek. Deur liefde kom vrede. Liefde bou en ontwikkel ‘n gemeenskap. Sonder liefde is alles ‘n gejaag na wind.

*1 Joh. 2:5 Maar elkeen wat SY woord bewaar, in hom het die liefde van VADER waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. :15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die VADER nie in hom nie. 1*

*Joh. 3:1 Kyk wat ‘n groot liefde die VADER aan ons bewys het, dat ons kinders van VADER genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. :16 Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy SY lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.*

*:17 Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van VADER in hom?*

*1 Joh. 4:7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit VADER, en elkeen wat liefhet, is uit VADER gebore en ken VADER. :8 Hy wat nie liefhet nie, het VADER nie geken nie, want VADER is liefde.*

1 Joh.4:9 Hierin is die liefde van VADER tot ons geopenbaar, dat VADER SY eniggebore SEUN in die wêreld gestuur het, sodat ons deur HOM kan lewe. :10 Hierin is die liefde: nie dat ons VADER liefgehad het nie, maar dat HY ons liefgehad het en SY SEUN gestuur het as 'n versoening vir ons wetsoortreding. :11 Geliefdes, as VADER ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. :12 Niemand het VADER ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly VADER in ons en het SY liefde in ons volmaak geword. :13 Hieraan weet ons dat ons in HOM bly en HY in ons, dat HY ons van SY GEES gegee het. :14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die SEUN as Losser van die wêreld gestuur het. :15 Elkeen wat bely dat YAHUSHA die SEUN van VADER is—VADER bly in hom, en hy in VADER. :16 En ons het die liefde wat VADER tot ons het, leer ken en geglo. VADER is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in VADER, en VADER in hom. :17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos HY is, is ons ook in hierdie wêreld. :18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 1 Joh. 5:3 Want dit is die liefde tot VADER, dat ons SY gebooi bewaar; en SY gebooi is nie swaar nie.

Derdens: “Los en loop weg”. Loop weg van wat jy tans gedoen het, want dit was die verkeerde weg, dit was nie vir jou nie. Dit wat jy nou gaan doen gaan jou toekoms bepaal, in die huidige en in die ewige. Dit wat jy reeds gedoen het is in die verlede en dit was onsuksesvol, of dalk verkeerd, maar dit wat jy nou gaan doen is vir die toekoms [ewige].

Vierdens: “Eer”. Eer VADER in die hoogste Hemele, eer YAH SY SEUN, Eer jou meerdere; jou voorganger, jou vader en moeder, jou broer en suster jou naaste. Skenk eer aan dit rondom jou en jy sal eer ontvang.

*Matt. 15:4 Want YAH het bevel gegee en gesê: Eer jou vader en moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. 19:19 Eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

*Joh. 7:18 Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van dié EEN wat HOM gestuur het, HY is waaragtig en daar is geen ongeregtheid in HOM nie.*

*Joh. 12:26 As iemand MY dien, laat hom MY volg; en waar EK is, daar sal MY dienaar ook wees; en as iemand MY dien, sal die VADER hom eer.*

*Mark. 10:19 Jy ken die gebooi: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.*

Met die verwysings moet ‘n besluite gevorm word binne-in jou sodat jou bestaan op aarde ‘n ommeswaai kan hê. Om te “kan” besluit beteken dat VADER met jou besig is! Salomo het ook die keuse gekry en hy het “wysheid” gekies bo geld [*deur wysheid bekom jy geld*]. Om wys te wees moet jy VADER vra vir saad soos dit bo aan die traktaat uitgewys word. Dit wat volg is die vier stappe met die saad ontvangs. Sukses lê in daardie besluite, maar sal latent bly tot die dag van jou besluite.

Kom ek vat ‘n onderwerp “geld”, wat ek glo ‘n algemene behoefte is in almal se lewe op aarde. Om geld te bekom is die eerste gedagte; “jy moet gaan werk om geld te bekom,” Verkeerd!! Geld is nie ‘n beloning vir die werk wat verrig was nie, maar vir eer, liefde en respek [*soos bo uitgewys*]. ‘n Tweede gedagte is om te bid vir geld, Verkeerd! Al dink jy, jy is geregtig omrede jy ‘n werker is vir YAH [*ek sê nie dat YAH jou van iewers ‘n geldjie sal gee in ‘n tyd van nood nie*]. Jy werk dalk 30, 40 jaar, maar geld dié het jy nie, want jy bly behoeftig. Jy bly in die skuld en al die paaiemente maak die baie moeilik vir jou om te bestaan of jy as ‘n geestelike leier sit voortdurend in nood tot geld.

Hoekom? Dit is omrede jy nie eer, liefde en respek ken nie. Om hard te werk is nie om ‘n prys te ontvang nie, maar wel “saad”. Om geld te wil hê moet jy saad bekom. Om saad te bekom moet liefde ontwikkel tot VADER en eer tot jou naaste. Jou liefde tot VADER gee die skenking van eer, liefde en respek van jou naaste. Sukses in jou lewe is nie geld nie, maar dit lê in wat jy doen vir ander. Deur om eer, respek en liefde te doen aan jou naaste, bekom jy sukses, en so bekom jy van YAH geld.

As jy ‘n saad tekort het in jou lewe, is dit omrede jy dit nie waardig is nie. As jy geld tekort het in jou lewe, is dit omrede jy dit nie waardig is nie, m.a.w. omrede jy dit nie respekteer nie sal jy dit nie ontvang nie. As ‘n onrespekvolle, hoe kan YAH jou met SY gawes vertrou? Onthou YAH gee slegs saad aan die saaier en nie aan almal nie! So as jy vra vir saad moet jy bereid wees om daarmee te werk. Ha satan op sy beurt wil die sade van YAH steel, breek en vertrap. hy wil nie toelaat dat jy eer, liefde en respek ontvang of uitdeel nie. Met jou spesifieke behoefte het jy saad by YAH ontvang.

### Wat nou gedoen met die saad?

Eerstens: Saai op na VADER om daardie gawes van HOM te laat groei binne in jou. Dat eer, liefde en respek kan manifesteer rondom jou. Dat Ha satans mag YAH kan vrees wat uit jou straal. Saai op dat VADER se GEES uit latent kan kom binne in jou. Saai op dat jou geestelike voedsel elke dag na jou sal kom. Dat openbaringe van verborgenhede daar sal wees. Saai op dat VADER jou sal seën, gees en vleeslik. Ja, saai op vir die geestelike behoeftes.

Tweedens: Saai af na jou naaste. Sodra jy na jou naaste saai, sal eer, liefde en respek na jou kom. YAHUSHA het dit duidelik gestel om te sê: aan hierdie twee Gebooi hang die hele Wet nl.: Liefde tot die VADER en liefde tot jou naaste. As jy jou naaste bekleed dan saai jy, as jy jou naaste huisves en versorg wat hulpbehoewend is dan saai jy, as jy jou naaste finansieel bystaan dan saai jy, as jy jouself tekort doen om jou naaste te help dan saai jy en as jy jou naaste geestelik help dan saai jy.

Doen beide die twee stappe in jou nuwe lewe en jy sal nooit weer omkyk nie. Onthou, wysheid is YAHUSHA, wysheid woon in YAHUSHA en daarom is YAHUSHA dié Wysheid van VADER.

So, om eer, liefde en respek te bekom is YAHUSHA [*wat Wysheid is*] en deur HOM bekom jy VADER wat jou dit sal skenk wat jou ook al toekom. Praat en gesels met YAHUSHA oor jou behoefte, sodat eer, liefde en respek wat aan die uitverkore seun van VADER behoort, sy plek te vind.

Al die goud en silwer behoort aan VADER en daarom is ons ook geregtig daarop as ons waardig gevind is deur HOM. Saai op na VADER en saai af na jou naaste, om te ontvang by VADER, sodat VADER jou kan eer by HOMSELF en by jou naaste. Saai af wat jy ontvang het by VADER, na jou naaste [*en vir jouself*] dan sal jy vleeslik ontvang. VADER gee dit wat jy vra, as HY jou behaaglik vind. HY sal vir jou deure oopmaak sodat jy fisies saad kan ontvang en dat jy daarmee kan woeker op aarde.

Bedink dit !

Ns.:

### Hulp uit die Skrifte

{**Angs**=Ps.46; Jak.5:7-11} {**Vrees**=Jes.43:1-5; Mark.4:35-41} {**Droefheid**=Joh.14} {**Bemoediging**=1 Pet.5:10} {**Leiding**=Ps.32:8-10; Spr.3} {**Sekerheid**=Jes.41:1-20; 1 Joh.3:1-3} {**Vergifnis**=Ps.51; 1 Joh.1:8; 2:2} {**Vrede**=Jes.26:1-9} {**Bekommernis**=Matt.6:25-34} {**Dankbaarheid**=Ps.136; Luk.17:11-19} {**Terneergedruktheid**=Ps.37:1-9} {**Eensaamheid**=Ps.22; 42; Joh.14:15-31} {**Versoeking**=Jak.1:12-18; Matt.4:1-11} {**Siekte of pyn**=Ps.6} {**Twyfel**=Spr.30:5; Joh.20:24-29} {**Vermoeidheid**=Jes.40:21-31; Matt.11:25-30}

**Opdragte** Ex.20:1-17; 23:24; 31:13; 34:12,13. Lev.3:17; 7:23,26; 26:1. Deut.4:2; 6:5-9; 7:5; 10:12,13; 13:3. 2 Kon.10:26,27. 2 Kron.14:3; 31:1; 34:4; Ps.27:4,14. Spr.4:23. Jer.1:7; 7:23; 43:13. Eseg.2:6; 18:31,32; 44:9. Amos.5:15. Matt.5:37,42; 6:6,9-13,15; 7:6-8; 10:6-8,23; 15:24; 22:9, 37-39; 28:19. Mark.16:15. Luk.10:27; 19:9. Joh.20:21. Hebr.6:1,2; 12:15. Jak.2:8. 1 Pet.3:9; 4:11. 1Joh.2:3, 4, 27. Open.3:2.